Mei 2021

# So pas die COVID-19-entstof gekry? Welgedaan en dankie!

**Ligte newe-effekte is algemeen in die eerste 3 dae. Jy moet op die uitkyk wees vir die volgende.**



**Arm is seer of rooi op die plek waar die inspuiting toegedien is** | **Koors/ kouekoors** | **Hoofpyn** | **Moegheid** | **Spierpyne** | **Naarheid**

- Newe-effekte kan so 6 uur na die entstof begin en word gewoonlik binne 2 tot 3 dae beter. As dit nodig is, behandel pyn en koors met parasetamol.
- Newe-effekte kan meer opvallend wees as jy jonk is, reeds COVID-19 gehad het of na die tweede dosis van ’n tweedosis-entstof.

**Hierdie newe-effekte wys dat jou liggaam besig is om ’n immuunreaksie op te stel. Die tegniese term hiervoor is “reaktogeniteit”. As jy nie newe-effekte kry nie, beteken dit nie jou liggaam is nie besig om ’n immuunreaksie op te stel nie.**

- As jou newe-effekte ernstig is of langer as 3 dae aanhou, kontak jou gesondheidsorgverskaffer of die Wes-Kaapse inbelsentrum.
- As enige van die volgende simptome binne ’n maand na inenting ontwikkel, gaan na jou naaste noodsentrum:
  - Nuwe ernstige hoofpyn veral as dit gepaard gaan met dowwe sig, braking, swakheid aan een kant van die liggaam of moeilike spraak.
  - Ernstige aanhoudende buikpyn.
  - ’n Veluitslag van klein rooi kolletjies rondom die plek waar die inspuiting toegedien is.
  - ’n Pynlike of koue been.
  - Borspyn of kortasemrigheid.

**Uiters seldsame newe-effekte affekteer**
**1 tot 7 mense per miljoen wat ingeënt is**

Dit sluit in ’n ernstige allergiese reaksie genaamd anafilakse (binne minute tot ure) en ’n seldsame soort bloedklonte (tussen 4 dae en 3 weke).

Wes-Kaapse Regering

LAAT JOU INENT · KOM ONS DOEN DIT

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

## Hou jou entstofkaart veilig.

- Dit is jou bewys dat jy ingeënt is.
- Woon jou opvolgafspraak by as jy een het.

Sommige entstowwe word in twee dosisse toegedien (byvoorbeeld die Pfizer-BioNTech (Comirnaty™) COVID-entstof). Die tweede dosis is belangrik om jou liggaam se immuunreaksie op die entstof te versterk en om te help dat die beskermende uitwerking langer aanhou.

## Jy kan dalk nog COVID-19 kry. Hier is hoekom.

- Jy kan nie COVID-19 kry van die entstof nie, want dit bevat nie lewendige koronavirus nie.
- Dit is nog steeds moontlik om COVID-19 te kry omdat geen entstof 100% doeltreffend is nie.
- Jy het dalk COVID-19 opgedoen voordat jy ingeënt is (dit kan tot 2 weke neem voordat COVID-19-simptome begin).
- Jy kan dit opdoen in die eerste 2 weke nadat jy ingeënt is terwyl jou immuunstelsel nog opgelei word om COVID-19 te beveg.



## Na inenting, moenie newe-effekte van die entstof met COVID-19-simptome verwar nie!


- As jou koors langer as twee dae aanhou of as jy 'n aanhoudende hoes, seer keel, of veranderinge in jou smaak- of reukvermoë ontwikkel nadat jy ingeënt is, het jy dalk COVID-19.
- Isoleer jouself en reël om 'n COVID-toets te laat doen. Kontak jou Gesondheidsorgverskaffer of die Wes-Kaapse inbelsentrum.

**Selfs al kry jy COVID-19, sal jy heel waarskynlik nie ernstig siek word of sterf aan COVID-19 nie.**

**Wes-Kaapse inbelsentrum: 0860 142 142**

## Ons weet nog steeds nie of die entstof die verspreiding sal keer nie. Moenie vergeet van COVID-19-voorkoming nie!

- Dra 'n masker in die openbaar.
- Behou so veel as moontlik 'n afstand tussen jou en ander mense buite jou huis.
- Vermy groot groepe mense en beknopte areas – hou klein samekomste buite.
- Was of ontsmet jou hande gereeld.
- As jy 'n gesondheidsorgwerker is, gaan voort om standaard-PPE (persoonlike beskermende toerusting) by die werk te dra.



**Ons is nie veilig totdat ons almal veilig is nie.**